# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**FEBRUARY / MARCH**
***FEBRUARIE / MAART***

**2005**

## AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL

**(Derde Vraestel: Skryfvaardighede)**

SG **102-2/3**

AFRIKAANS TWEEDE/ADDISIONELE TAAL SG: Vraestel 3

**6 bladsye**

102 2 3 SG

X05

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

## GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL SG**
**(Derde Vraestel: Skryfvaardighede)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings (A, B en C)
- Beantwoord slegs DRIE vrae:
  - EEN onderwerp uit Afdeling A
  - EEN onderwerp uit Afdeling B
  - EEN onderwerp uit Afdeling C
- Nommer jou werk presies soos op die vraestel.
- Skryf netjies en leesbaar.

- Daar moet bewys van beplanning en redigering by elke skryfstuk wees.
- Gebruik die skoon bladsye in jou antwoordboek vir jou beplanning en redigering.

---

## AFDELING A
## LANG SKRYFSTUK

### VRAAG 1

Kies EEN vraag en voer dan die opdrag van 250 – 300 woorde by daardie vraag uit.

1.1 Dit was vir ons almal 'n baie gelukkige dag toe ons 'n piekniek gehou het.

Skryf 'n **storie** oor julle piekniek.


- Wie was julle almal wat gaan piekniek hou het?
- Hoekom het julle piekniek gehou?
- Waar was die piekniek?
- Wat het julle alles gedoen?



(40)

**OF**

1.2 Ek het nie die motor sien aankom nie.
Die volgende oomblik was daar net mense om my en .....



**Beskryf** wat verder gebeur het.

- Waarheen was jy op pad?
- Wat het alles gebeur?
- Waar is jy nou?

(40)

**OF**

1.3 Jy en 'n paar vriende was by 'n opwindende wedstryd van julle geliefkoosde sportsoort.

**Vertel** van die wedstryd en sê waarom julle dit so geniet het.

- Watter sportsoort was dit?
- Watter spanne het gespeel?
- Waar het hulle gespeel?
- Wat het op die veld gebeur? (40)

**OF**

1.4 Ons wil almal wenners wees. Ons wil almal sukses behaal. Jou wens is ook om 'n wenner te wees.

**Vertel en verduidelik**

- Watter soort wenner wil jy wees?
- Wat gaan jy doen om 'n wenner te wees?
- Waarom wil jy 'n wenner wees? (40)

**OF**

1.5 Is dit nog veilig om taxi te ry? Ja / Nee.
Skryf en gee jou **opinie**.

Dink aan:

- Hoe ry die taxi's in jou omgewing?
- Is die taxi's in 'n goeie toestand?
- Wat gebeur met taxi's? (40)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

## AFDELING B
## KORTER SKRYFSTUK

### VRAAG 2


- Kies slegs EEN vraag.
- Elke vraag het sy eie opdrag.
- Voer die opdrag by daardie vraag uit.
- Die inhoud van jou onderwerp moet 120 – 150 woorde wees.

2.1 Jy het 'n bekende popster ontmoet. Skryf 'n **artikel** vir 'n tydskrif.

- Wie was die popster?
- Waar het jy die popster ontmoet?
- Waaroor het julle gesels?
- Watter raad het die popster vir ander tieners? (20)

**OF**

2.2 Dit is laat in die aand. Jy kan nie slaap nie, want daar het vandag iets gebeur wat jou baie gelukkig gemaak het.



Skryf 'n **dagboekinskrywing**.

Dink aan:

- Wat het gebeur?
- Waarom voel jy so gelukkig?
- Watter planne het jy nou?

(20)

**OF**

2.3 Lees die volgende brief deur.

> Liewe Raad-gee
>
> Ek weet nie meer wat om te doen nie. Ek is verslaaf aan dwelms. My punte word al slegter en ek kan nie meer slaap nie.
>
> Wat kan ek doen? My ouers weet nie dat ek dwelms gebruik nie.
>
> Help my asseblief.
>
> Dwelmverslaafde.

Gee raad aan "Dwelmverslaafde" deur die **brief te beantwoord**.

(20)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [20]**

## AFDELING C
### FUNKSIONELE SKRYFSTUK

### VRAAG 3

- Kies slegs EEN vraag.
- Elke vraag het sy eie opdrag.
- Voer die opdrag by daardie vraag uit.
- Die inhoud van jou onderwerp moet 120 – 150 woorde wees.

3.1 Jy het besluit om jou eie besigheid te open. Jy wil mense oor jou besigheid inlig.

Skryf die inligting vir 'n **brosjure** wat jy wil publiseer.

- Watter dienste bied jou besigheid vir mense?
- Waar is jou besigheid geleë?
- Waarom is jou besigheid uniek? (20)

**OF**

3.2 Jou plaaslike koerant het jou gevra om 'n **resensie** oor jou voorgeskrewe boek te skryf.

- Wie is die karakters?
- Hoe is hulle persoonlikhede?
- Waaroor het die boek gehandel?
- Sal jy die boek aanbeveel? Waarom? (20)

**OF**

3.3 Dit is jou agtiende verjaarsdag. Jy wil 'n partytjie hou en jou vriende uitnooi.


3.3.1 Stuur 'n **uitnodiging** van 70 – 80 woorde waarin jy 'n vriend(in) uitnooi.

Dink aan:

- Die datum, plek en tyd.
- Wat moet hy/sy aantrek?
- Watter tipe partytjie is dit?
- Hoe laat is die partytjie klaar?

**EN**

3.3.2 Nie al jou vriende weet waar jy bly nie. **Verduidelik** in 50 – 70 woorde die roete volgens die pyltjies aan een van jou vriende hoe om van sy/haar huis na jou huis toe te loop. **Vertel** ook iets interessants oor 'n plek waarby jou vriend/in verby gaan loop.




(20)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**